Hennie Smit

Sel: 0824489256 Faks: 011-885 1482

28 April 2004

VIR WIE DIT MAG AANGAAN

Ek is vir die laaste 3 jaar bekend en bevriend met Jovan en Thelma, twee van die mees belowendste opkomende kunstenaars in Suid-Afrika. Behalwe dat hulle twee baie talentvolle sangers is, is Jovan ook een van die beste pianiste wat ek al ontmoet het en gehoor het.

Hulle deursettingsvermoë, stiptelikheid, lojaliteit is deugde wat deesdae min in die Suid-Afrikaanse musiekbedryf aangetref word.

Hierdie twee jong mense het hulleself reeds as uitmuntende solo kunstenaars asook duet paar bewys. Hulle optredes is 'n toonbeeld van professionaliteit en hulle groot liefde vir musiek.

Ek kan hulle aanbeveel vir enige optrede hetsy solo of as due vir enige funksie wat kerke insluit. Hierdie twee jong mense het al die moontlikhede om in die musiekbedryf in Suid-Afrika uit te styg en hulleself te vestig as van die gewildstes. Hulle vriendelikheid, mensliewendheid en hulle Christelike agtergrond en toegewydheid wat hulle elke dag uitleef is 'n deug wat nie meer by baie jong mense in Suid-Afrika aangetref word nie.

As 'n kunstenaar wat alreeds vir 43 jaar in die musiek en filmbedryf besig is, kan ek Jovan en Thelma met 'n oop gemoed aanbeveel vir enige konserte, ander optredes of opnames waarvoor hulle aansoek doen.

Jovan en Thelma het alreeds by verskeie geleenthede soos konserte en in kerke saam met my opgetree voor skares van tot en met ± 15 000 mense.

HENNIE SMIT